

## BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

ANDREW ROTHSTEIN, *The Soldiers' Strikes of 1919*, Macmillan, London, 1980, viii + 114 pp, index

Historians of the First World War era have until recently tended to focus more on the patriotism, stoicism (or dedication) and sufferings of soldiers and sailors rather than on their disobedience and refusal to co-operate or to fight. Apart, that is from the notable exceptions of the Russian and German revolutions, which have, of course, attracted tremendous attention.

The translation of Marc Ferro's *Great War* in 1973 made available to non-French readers the findings of Guy Pedroncini on the French army mutinies of April 1917. Pedroncini calculated the number of mutineers to be as high as thirty or forty thousand and concluded that the mutinies were not a refusal of war, only of a way of waging it. As one soldier put it: 'All we wanted was to call the government's attention to us, make it see that we are men, and not beasts for the slaughter-house'.

In 1980, a sociologist, T Ashworth in *Trench Warfare 1914-1918: the Live and Let Live System* revealed the existence of calculated techniques by rank-and-file soldiers and junior officers on both sides to lower the heat of the fighting on the Western Front.

Another example of soldiers taking an independent line contrary to the orders they received, is to be found in the British soldiers' strikes of January and February 1919. This phenomenon was glossed over by decision-makers who wrote their memoirs and by the biographers of these people. The strikes were briefly reflected in contemporary parliamentary and press reports, but Andrew Rothstein's account, succinct as it is, is the most comprehensive documented study of the strikes in their political context that has been attempted.

Andrew Rothstein sees the events he analyses as a protest movement of strikes and demonstrations. He places these happenings squarely within the frame of reference of modern industrial workers' reaction to capitalist and establishment exploitation. The soldier-participants nearly all came from working-class families with strong traditions of trade unionism. The strikes had this in common with the French soldier-mutineers of 1917 — they insisted that 'on becoming soldiers we have not ceased to be citizens.' Rothstein is adamant that the British movement was a strike and not a mutiny. He says that they were resolute but peaceful although A W Fenn of the Suffolk Regiment in his reminiscences (quoted on p 96) actually used the verb 'mutinied' and relates that troops 'tried to set fire to the Railway Transport Officers' office and tried to wreck the station' and there seem to have been other instances where soldiers burnt or 'smashed up' property. Rothstein's point is nevertheless taken that from the point of violence being resorted to, the British incidents were much milder than the French experience of 1917. The French mutinies occurred while the war was in full blast, but that is surely not a decisive criterion in deciding the character of disobedience for it is of course possible for mutinies to occur in peace as well as in war conditions. Without necessarily disputing Rothstein's basic premise it should nevertheless be stressed that when members of an army disobey orders the distinction between what is a mutiny and what is a strike is a fine one.

The first demand of members of the armed forces after the German armistice was rapid demobilization. This became linked to the possibility that if they were not demobilized they would be sent to fight in a new war in Russia to suppress the Bolsheviks. The strikes are seen as having been successful in that they forced the government to abandon its schemes for leisurely demobilization and to speed up the process of returning men to civilian life. The soldiers' success in achieving this limited aim, also meant that the British government did not have the forces available to enable it to organize large-scale intervention in Russia. Winston Churchill and his friends were petrified about Communism. On 10 November 1918 Churchill stated: 'We might have to build up the German Army as it was important to get Germany on her legs again for fear of the spread of Bolshevism.' General Smuts believed that 'Bolshevism was a threat to the whole world.' The Chief of the Imperial General Staff, Sir Henry Wilson, believed that it would be disastrous for British soldiers' delegates to be granted an audience by the authorities: the soldiers' delegation according to Wilson, 'bore dangerous resemblance to a Soviet.'

Andrew Rothstein must have been more than eighty years of age when this book was published. He was born in London and his parents were Russian emigrants. He served in the Hampshire Yeomanry from 1917 to 1918 and was transferred to the Meteorological Section of the Royal Engineers in 1919 when he was twenty years of age. In 1917 he had joined the British Socialist Party and he was a spectator of and participant in some of the events he describes.

The book is, however, based on Cabinet papers, pamphlets, such newspaper reports as escaped the attentions of the censor, some military records, as well as biographies and memoirs of politicians and generals. Rothstein's sympathies clearly lie with 'the people,' the soldiers, in their struggle against the establishment. He has made good use of that remarkable '1914-1918 Personal Experience Archives' collected by

Peter H Liddle and at present housed at Sunderland Polytechnic. Andrew Rothstein's work is a useful pioneering effort which serves as a stimulating introduction to an area that needs to be researched in greater depth.

S B SPIES  
University of South Africa

M D NASH, *Bailie's party of 1820 settlers, a collective experience in emigration*, A A Balkema, Kaapstad, 1982, 174 pp, prys onvermeld.

Hierdie boek, in 'n hardeband, bevat 'n nuttige voorwoord, 'n omvattende lys notas — wat nie altyd met die tema as sodanig te doen het nie, maar nogtans interessant is en van omvangryke navorsing getuig, vyf ter sake bylaes, 'n lys name met biografiese besonderhede van die lede van Bailie se Setlaargroep — wat eindelose speurwerk in oorspronklike bronne beteken het, 'n waarlik omvattende bibliografie, etlike foto-illustrasies en 'n register. Tegnies maak hierdie publikasie, deur die mede-kurator van die "1820 Settlers Memorial Museum" te Grahamstad, van haar oorspronklike MA-verhandeling onder prof Hunt van Rhodes voltooi, 'n afgeronde indruk.

In 'n sekere sin is dit maar net nóg 'n boek oor die Britse Setlaars van 1820. Ons lees nogmaals en weer eens van die ellende in Engeland en die gevolglike emigrasieskema van 1815-19, die veeleisende seereis, die rol van waarn goew Rufane Donkin, later van die harde heer, goew Charles Somerset, die eerste jare van ontbering, mislukking, verskuiwing en verhuising, beroepsveranderinge en die mislukking van die skema in terme van die oorspronklike doelwit: 'n gevestigde, sterk, hegte, Blanke boerderygemeenskap aan die Oosgrens om die Xhosa tot bedaring te bring. Butler, Rivett-Carnac, Hockly, Mitford-Barberton, Wilmot en talle ander asook gepubliseerde dagboeke/briewe van Setlaars plus eindelose baie artikels het reeds haas elke skraapsel inligting oorgeda.

Maar mev Nash werp tóg nuwe lig op die Bailie-groep in die besonder en daardeur op ander fasette rakende die totale grenslewe. Die hele stelsel waarvolgens die immigrante hulle rondom 'n leier verenig het, word goed belig. Dit het immers geldelike, plaaslike, gebieds- en gesagsgevolge ingehou wat niemand voorsien het nie. Die Albany-streek in die besonder is deeglik ontleed. Die onderlinge verhouding tussen die Setlaars, veral wat die Bailie-groep self betref, word netjies ontrafel; juis ten opsigte van sosio-ekonomiese en sosio-politieke patrone.

Sy ontmitologiseer ook veel van die tradisionele opvattinge aangaande die Setlaars. Hulle was 'n bont versameling mense met individuele vermoëns, beperkings en oogmerke. Die gevolg was onderling botsende belange, propaganda-benutting, verset teen of samewerking met die Kaapse gesag, 'n plaaslike landdros, 'n skema of 'n veldtog, en status- en standewoelinge (p 79).

Ons lees dat die skema beskou kan word: "as a poor-relief measure for Britain," en verder: "proposing state-aided emigration as a temporary solution to over-population and under-employment," p 6. Vergelyk egter ook pp 8, 9, 12.

Gebrek aan betroubare inligting oor en weer was 'n probleem — p 18, partypolitieke strominge in Brittanje was 'n faktor — p 20, drankmisbruik moes mee rekening gehou word — pp 23/24, 52, 71, arbeidsverhoudings was 'n lewendige kwessie — p 39, die woelinge tussen wat Nash "radicals and serviles" noem, ontvang deeglike aandag — p 59 e v, en die ellende en gevolglike hulpskemas word bespreek — pp 68, 75 e e.

Die handelslewe wat beslag gekry het — pp 86, 88, ee, die sukses wat die gesinne Bailie, Chase en Bid-dulph tog behaal het — pp 92, 95 e v, die hele aangeleentheid van grondbesit — p 97 e e vorm alles deel van gegee aan "die ruimte — fisiek en geestelik — waarin dit plaasgevind het" (p 7). Sy verslag is op feite gegrond, besitters en handelsleiers te bepaal. Maar die publikasie sal nog steeds nie die struktuurwêreld van die Setlaars laat bewe nie, omdat dit nie só diepgrypend "a new view of Settler society and politics" is nie.

MARIUS SWART  
Universiteit van Port Elizabeth

M C RICKLEFS, *A History of Modern Indonesia c 1300 to the present*, MacMillan, London, 1981, 335 pp, R20,95

Hierdie boek in 'n sagteband bevat 'n deeglike voorwoord, volledige hoofstukindeling, lywige en bruikbare notas en verwysings, enkele kaarte, 'n omvangryke bibliografie en 'n register. Ricklefs is van die Universiteit van Monash, Australië en die publikasie is een in die reeks: MacMillan Asian Histories Series.

Dis 'n afgeronde bydrae hierdie; 'n waardige eerste boek in sy kategorie. Primêre en sekondêre bronne

uit verskeie taal- en godsdienstgroepe is benut. Daar word na die kultuur, administrasie, politiek en maatskaplike patroon verwys omdat die Islams-Arabiese, die Chinese, Europese en veral Nederlandse fase diep spore nagelaat het. Soos die RSA se eerste 150 jaar deur die VOC beïnvloed is, so ook hierdie Indonesiese eilandegroep wat onder andere Java, Soematra, Malakka en Madoera insluit. Toe Brittanje aan die Kaap oorgeneem het, het Nederland vir 'n verdere 150 jaar in Indonesië geregeer.

Die outeur lê klem op 'n volledige, kronologiese verhaal eerder as om met 'n nuwe sintese of vertolking na vore te kom. Dit is 'n gesonde uitgangspunt, want kolonialisme, taalverwarring, etnisiteit, oorsese imperialisme en eksterne faktore soos internasionalisme, kommunisme en 'n wêreldwye rewolusiegees het oor ses eeue diep ingegryp. Nou dat die grondslag gelê is, deur 'n outeur wat sy literatuur deeglik ken, kan die tema-probleme, wat wel genoem word, later in afsonderlike studies uiteengesit word. Terloops, dat die hoofeiland Java in elke opsig te sterk figureer, is minder raadsaam, maar dit is histories en invloedgewys begryplik.

Indonesië is 'n kernstreek in Suidoos-Asië en het reeds in 1900, nes Indië, sterk tekens getoon dat die gebied onafhanklik wil en kan staan. Die twee wêreldoorloë het die gevoel verhaas; saam met 'n sterker Islamse en anti-koloniale bewussyn asook die Japanse aantasting van Nederlandse en Indonesiese stelsels en waardes tussen 1942 en 1945. Op die ou einde het Nederlandse, Brits-Amerikaanse, Russiese en Japanse belange voor Indonesiese nasionale bewussyn verkrummel.

Oor eeue het rebellies, onderlinge woelinge en probleme met Portugal, Spanje, Brittanje, asook sendinggroepe en onderwysstrukture die land beïnvloed maar dit het nie verhoed dat Soekarno op 17 Augustus 1945 Indonesië onafhanklik verklaar het pas nadat Japan in Wêreldoorlog Twee verslaan is nie.

Nederland, wat onder Duitsland swaar gely en in Indonesië deur Japan ernstig benadeel is gedurende 1939-1945 toe duisende Nederlanders geïnterneer is en gesterf het, sou hierdie aankondiging nie sommer aanvaar nie. Daarom is met 100 000 manskappe in 1947 weerstand gebied om Indonesië te behou. Maar veral guerrilla-magte, en internasionale elemente soos die Koue Oorlog, het Nederland verplig om Indonesië op 27 Desember 1949 onafhanklik te erken.

Vir Indonesië het tussen 1950 en 1967 egter 'n troebel tydperk van weë woelinge in eie geleedere aangebreek. Ricklefs dui dan ook goed aan dat 'n poging tot versoening tussen nasionalisme, die Islam en kommunisme onder andere hiervoor verantwoordelik was.

Die publikasie word sterk aanbeveel vir diegene wat oor 'n normaalweg vir Suid-Afrikaanse historici vry onbekende streek meer inligting wil bekom.

MARIUS SWART

*Universiteit van Port Elizabeth*

KAREL SCHOEMAN, *Die dood van 'n Engelsman (Die Cox-moorde van 1856 en die vroeë jare van die Oranje-Vrystaat)*, Human en Rousseau, 1982, 113 pp, R10,50.

Die skrywer van hierdie boek, Karel Schoeman, het in 1980 die aandag getrek met sy indrukwekkende publikasie, *Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad, 1846-1946*. Terwyl hy destyds besig was met navorsing oor die geskiedenis van Bloemfontein, het hy by die Nasionale Museum op 'n aantal dokumente afgekom wat op die Cox-saak betrekking het. Dit het sy belangstelling so geprikkel dat hy hom "geroepe gevoel het om iets meer daaroor te probeer uitvind" (p 7).

Almal wat die vroeë geskiedenis van die Vrystaatse Republiek ken, is bewus van die Cox-saak. Daar is trouens reeds 'n tiental tydskrif- en koerantartikels oor "Bloemfontein se mees berugte moordsaak" geskryf. Die werk van Schoeman is egter die eerste boek oor hierdie sensasionale saak. Die Cox-moorde het destyds groot opspraak verwek, daarom dat nog steeds daaroor geskrywe word.

Charles Leo Cox, "a cultured English gentleman," het in 1838 na die Kaapkolonie geïmmigreer. Hy verhuis in 1848 na Bloemfontein en in 1853 trou die 37-jarige Cox met die 16-jarige Boeremisie, Maria Bouwer. Hulle lewe egter soos kat en hond. Hierdie ongelukkige huwelik het in 1856 geëindig in die moord op sy vrou en twee dogtertjies. Na 'n dramatiese verhoor het Cox op 31 Oktober 1856 'n galgdood gesterf. Die Vrystaatse Engelsprekendes veral was erg verontwaardig omdat Cox 'n Britse onderdaan was en geëis het om deur 'n Kaapse hof verhoor te word, "en op hierdie wyse sou hy in die herinnering van sy tydgenote voortlewe, die onskuldige Engelsman wat omrede sy nasionaliteit deur die Boere vervolgd en uiteindelik om die lewe gebring is" (p 87).

Die skrywer het deeglike argivale navorsing gedoen en vryelik geput uit die dokumentasie, meestal amptelike of semi-amptelike stukke, wat bewaar gebly het. Aan die hand van 'n groot versameling wydverspreide verslae, notules, briewe, registers en koerantberigte en -artikels was dit vir hom moontlik "om 'n verbasend volledige mosaïekbeeld saam te stel" (p 7). Sy oogmerk was om 'n volledige beeld te gee van die moorde, die hofsake en die protes en agitاسie wat daarop gevolg het. Daarby het hy ook heelwat aandag

gegee aan “die ruimte - fisiek en geestelik — waarin dit plaasgevind het” (p 7). Sy verslag is op feite gegrond, maar vanweë gebrekkige inligting oor bv die motiewe van die betrokkenes bevat dit noodgedwonge ook veronderstellings, wat as sodanig in die teks aangedui word.

Volgens die skrywer “is hierdie boek in eerste instansie bedoel vir die algemene leser wat in die verlede van die Vrystaat en van Suid-Afrika belangstel en nie vir die beroepshistorikus nie” (p 8). Daarom het die skrywer ook nie van voetnote gebruik gemaak nie. Hy het wel sy bronne genommer (van 1 tot 112) en die aanhalings het hy geïdentifiseer met die nommer van die betrokke bron. Die boek is voorsien van 'n bronne-lys en register. Dit bevat ook 'n negetal toepaslike foto's.

Die omslag van die boek meld heel tereg dat Karel Schoeman “op lewendige en leesbare wyse aan die vroeë jare van die Vrystaatse geskiedenis gestalte gegee het.” Dit geld veral vir die verhouding tussen Afrikaans- en Engelsprekendes. 'n Boek dus wat 'n veelbewoë tydperk op 'n lewendige wyse aanbied en wat die feit onderstreep dat geskiedskrywing nie dor en droog hoef te wees nie.

H O TERBLANCHE  
Universiteit van Port Elizabeth

JAN HOOGEVEEN (vertaal deur Ena Jansen), *Briewe uit ou Transvaal*, Human en Rousseau, 1982, 129 pp, R12,50.

Jan Hoogeveen het Nederland in November 1897 verlaat om in die ZA Republiek te kom onderwys gee. Hy was toevallig die honderdste onderwyser wat uitgestuur is nadat die “Fonds ten behoeve van het Hollandsche onderwijs in Zuid-Afrika” in 1890 in Amsterdam opgerig is. Die Fonds het as hoofdoelstelling gehad die behoud van Nederlands as volkstaal van Suid-Afrika. Hy het sy vrou, Willemien, met hul ses kinders op Urk by die Zuiderzee agtergelaat. Vier jaar na sy aankoms, in Desember 1901, is hy oorlede in 'n konsentrasiekamp naby Mafeking.

Die bedoeling was dat sy gesin hom weldra na Suid-Afrika sou volg. Dit het egter nooit gerealiseer nie vanweë geldprobleme, die koorsiekte, die onsekerheid van sy posisie in Suid-Afrika en die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Tydens sy vier jaar in die Transvaal het Jan Hoogeveen byna 'n honderd briewe na Urk gestuur, wat sy vrou gelukkig alles bewaar het. Sy ontroerende, persoonlike briewe bied 'n buitengewone blik op die pionierslewe en -omstandighede in die ou Transvaal. Hy beskryf sy wedervaringe in die nuwe woeste land en vertel onderhoudend van die mense, leefwyse en ontberinge in die pionierstaat. Sy briewe gee 'n beeld van die lewe van 'n deursnee-immigrant met sy heimwee, sy probleme, twyfel en teleurstellings.

Sy reikhalssende verlange na die koms van sy geliefdes skemer oral deur. Opvallend was ook sy besorgdheid oor sy vrou en kinders se welsyn. Feitlik elke brief sluit hy af met: “Gee al die kinders 'n dik soen en God met u en ontvang in gedagtes 1 000 soene” (p 79). Hy was 'n diep gelowige en het dan ook sy gesin aan die Here opgedra: “Nou sal ek eindig met die bede dat die Here u in alles naby mag wees en u en die kinders mag spaar by lewe en gesondheid . . . God met u” (p 19). Daarom het hy ook aan sy kinders geskrywe: “Nou liewe kindertjies, gedra u steeds goed en bly gehoorsaam aan u moeder en bid veel tot die Here Jesus dat Hy u Leidsman mag word. Lees getrou in die Bybel en probeer om daarvan iets te onthou” (p 45). In sy heel laaste brief, 29 Oktober 1901, geskryf in 'n konsentrasiekamp by Mafeking, maak hy nog melding van “die opregte en nimmer — uitgebluste liefde van u verlangende man en vader wat altyd aan u dink” (p 129).

As buitestaander gee hy op 'n onderhoudende wyse 'n insiggewende kykie in die leefwyse van die Transvalers. En hy kom tot die gevolgtrekking “dat dit beslis nie boere is soos wat ons ons voorgestel het nie . . . julle sou die Transvaalse boerinnetjies op 'n Sondag moes sien. Fyn dames, hoor” (p 23). Die volgende het hom ook opgeval: “'n Onderwyser word hier geëer en veral 'n ge-eksamineerde. So iemand staan ver bo 'n Afrikaner wat nie ge-eksamineer is nie” (p 23). Verder meld hy: “Die mense is hier uiters beleef. Dit is altyd: ja meester, of nee meester, ens” (p 27). Hy kon ook nie help om op te merk nie dat “meestal hou die mense hier rasend veel van soen” (p 39). Nagmaalsgeleenthede met die waens en tente op die kerkplein was vir hom 'n openbaring: “As 'n mens na dit alles kyk, kan jy jou 'n denkbeeld vorm hoe die aartsvaders Abraham, Isak en Jacob voorheen geleef het. Ek stel my voor dat dit op dieselfde wyse was” (p 38).

Ena Jansen het met haar vertaling “geprobeer om die sfeer van Hoogeveen se ouderwetse Nederlands oor te dra deur sy sinsbou en . . . woordegebruik so letterlik moontlik te behou” (p 10). Sy het dan ook die tydsgees pragtig vasgevang in haar vertaling. Die werk bevat ook 'n paar toepaslike foto's, maar ongelukkig geen register nie.

Die omslag meld heel tereg dat dit 'n boek “met besondere trefkrag” is en dat dit “almal wat belangstel in die geskiedenis van ons land en die pioniersgees van sy negentiende-eeuse inwoners sal aangryp.”

H O TERBLANCHE  
Universiteit van Port Elizabeth

P BURKE (ed), *New Cambridge Modern History, XIII, Companion volume*, CUP, 1979, paperback 1980 vi + 378 pp, tables, bibliographies.

This volume is designed to complement the rest of the *New Cambridge Modern History*. Unlike the earlier volumes which each deal with a period of approximately forty years, the companion volume looks at problems of continuity and change over the whole "modern" period, 1492 to 1950.

The chapters are case-studies of key topics and although most important areas are dealt with, no attempt has been made to make the volume give an exhaustive coverage of developments within the period. The chapters include, amongst others: the environment and the economy, by Eric Jones; Peasants, by Emmanuel Le Roy Ladurie; Revolution, by Victor Kiernan; The Scientific Revolution, by Peter Heimann; and Religion and secularism, by Peter Burke. There is also an interesting concluding chapter by Johan Galtung, Eric Rudeng and Torc Heiestad on the last 2 500 years in Western history and some remarks on the coming 500!

In his introductory chapter, the editor, Peter Burke, looks at concepts of continuity and change in history. He points out that while historians are professionally concerned with change rather than with continuity, to understand why change does in fact occur, it is necessary to study the obstacles to change, the resistance to change, and the factors which promote stability or continuity. Thus each contributor was asked to pay particular attention to the factors which assured continuity in their field. They were also asked to indicate the major breaks in continuity and to explain why the break occurred.

The result is a work which not only complements the earlier volumes in the series but which also enables the student to gain a greater perspective of the events of the past 500 years.

J LAMBERT  
*University of South Africa*

DAVID MALAND, *Europe at war 1600-1650*, MacMillan, London, 1980, vii + 219 pp, bibl, index, maps, illus, R9,55.

Die Dertigjarige Oorlog (1618-1648) was ongetwyfeld een van die ingrypendste gebeurtenisse in die moderne Europese geskiedenis en daarom behoort enige werk wat die onderwerp behandel die belangstelling te trek. David Maland bekijk dié oorlog vanuit die internasionale toestand in Europa gedurende die eerste helfte van die sewentiende eeu, en wys hoe dié oorlog met die Tagtigjarige Oorlog oorvleuel.

Op boeiende en kundige wyse ontrafel Maland die intensiteit wat daar bestaan het in die gebeure in o a Boheme, Stralsund, Mantua en die Rynland. Ofskoon die skrywer nooit die impak van die konflik op o a Engeland, Rusland en die Baltiese state, Denemarke en Swede, uit die oog verloor nie, wys hy nietemin daarop dat die stryd in wese om die behoud van Spaanse voorrang in Europa gegaan het. Om dié rede was gebeure in Duitsland en Spanje en Nederland so belangrik, want waar Spanje sy handelsroetes deur Europa wou oophou, wou die Nederlanders juis dié roetes blokkeer.

Studente wat in meer besonderhede wil kennis maak met een van die stormagtigste tydperke in Europa se geskiedenis sal dié werk met groot vrug kan benut.

WERNER VAN DER MERWE  
*Universiteit van Suid-Afrika*

BARBARA TUCHMAN, *August 1914*, MacMillan, London, 1980, 499 pp, bibl, notes, index, maps, illus R12,00.

Teen die einde van Augustus 1914 het die oorlog in Europa 'n skaakmatposisie bereik. Die Duitsers het nie daarin geslaag om binne ses weke (Von Schlieffen-plan) Frankryk die uitklophou toe te dien nie, maar eweneens het die geallieerdes (Frankryk en Brittanje) daarin gefaal om die Duitsers tot teen hul grens terug te dryf. Die veldslae by Marne en Ypres het in 'n bloedige en uitgerekte loopgraafoorlog ontaard. Eers met die toetrede van die VSA in 1917 het die geallieerdes langsaamerhand die oorhand gekry, maar selfs toe het die Duitsers ten spyte van die oorwig moedig uitgehou en sodoende voorkom dat die vyand Duitse grondgebied betree het.

In die onderhawige werk, wat oorspronklik in 1962 verskyn het, verhaal Barbara Tuchman op mees-terlike wyse die gebeure gedurende die eerste maand van die oorlog. In baie opsigte was dit die beslissende

maand, want alhoewel die oorlog nog 'n verdere vier jaar sou voortsleep, het die Duitsers die inisiatief verloor en sodoende op die lange duur ook die oorlog. Die skryfster se briljante ontleding van die gebeure van Augustus 1914 het aan haar die gesogte Pulitzer-prys besorg. Die 1980-slapbanduitgawe behoort, soos die oorspronklike, wye belangstelling uit te lok.

WERNER VAN DER MERWE  
*Universiteit van Suid-Afrika*

W L GUTTSMAN, *The German Social Democratic Party 1875-1933. From ghetto to government*, George Allen & Unwin, London, 1981, 362 pp, R40,50.

Die skrywer is 'n Duitse immigrant wat 'n Britse historikus geword het. Daarom is sy boek opgedra aan sy ouers wat in 1941 in 'n Nazi-kamp in Siliisië omgekom het. Hy is aan die Universiteit van East Anglia verbonde en het die boek in Engels geskrywe. Die bibliografie berus grotendeels op Duitse bronne, sowel sekondêr as primêr.

Hy gaan die geskiedenis van 'n politieke party na, die SPD wat in 1869 gestig is; in 1875 na 'n vereniging met die volgelinge van Lasalle is sy naam na "Sosialistiese Arbeidersparty van Duitsland" verander en sedert 1890 heet dit die "Sosiaal-demokratiese Party van Duitsland" (SPD) wat in 1933 deur Hitler onderdruk is, maar ná die Duitse kapitulasie van 1945 herleef, en die regering oorgeneem het — vandaar die subopskrif: "van ghetto na regering." Die SPD was die eerste nasionale politieke organisasie van die Duitse arbeidersklas, en die grootste en bes georganiseerde Europese sosialistiese party, die erfgenaam van die ideologiese raamwerk wat deur Marx en Engels geskep is, maar ook van die demokratiese tradisies van die Duitse radikalisme.

Dit moet onthou word dat Bismarck wel algemene manlike stemreg ingevoer het, maar nie 'n demokratiese verantwoordelike regeringstelsel nie. Die politieke mag het in die hande van die monargie, die burokrasie en die weermag gebly. Die SPD was die enigste uitdager van die politieke en sosiale stelsel van die Tweede Duitse Ryk. As sodanig was dit nie geliefd nie en is as 'n vyand van die staat beskou en van Marxisme en rewolusionêre doelstellinge verdink. Wetgewing het die sosiale demokrasie beperk en die leiers is dopgehou en selfs vervolgt. Met die val van die Tweede Ryk in 1918, is die konstitusionele basis vir die politieke aktiwiteit van die arbeidersklas gelê, maar dit het nie die verdeling van ekonomiese mag gebring nie, wat meegebring het dat die SPD as argitek van die nuwe Duitse staat — die Weimarrepubliek — voortgegaan het met sy onsuksesvolle stryd om parlementêre demokrasie staande te hou teen sowel die linkse as regse vyande.

Die boek handel oor die ontwikkeling van die SPD, wat 'n kind van die industriële rewolusie was, tot aan die Weimartyd. Die skrywer ontleed die rol en werking van die SPD in die veranderende Duitse sosiale en politieke klimaat, sy interne probleme en die kwessie van leiding deur Karl Kautsky, Bernstein en Rosa Luxemburg wat noue bande met Karl Marx en ander leiers van die internasionale sosialistiese beweging behou het.

Guttsman bied sewe hoofstukke aan, t w industrialisasie en die toetrede van die Duitse arbeidersklas tot die politiek waarin hulle as onvrye tweedeklasburgers gereken en behandel is, die rol van die arbeidersklas in die pseudo-demokratiese staat van Bismarck, die politieke mobilisasie van die werkersklas deur die SPD, die sosiale milieu, politieke kontrole en die grondslae van die sosiale demokrasie, die houding teenoor die Duitse vaderland, waarin die sosialistiese subkultuur van die ghetto's tot die Weimarrepubliek behandel word, die geskiedenis van die SPD van 1875 tot 1933, die strukture van dié demokratiese party in werking, massalidmaatskap, leierskap en die burokrasie, en ten slotte word die vraag gestel: "n rewolusionêre maar nie 'n rewolusie-voortbringende party nie?" en word sy teorie en taktiek ontleed. Daarop volg gevolgtrekkings.

Die boek stel 'n voorbeeld van hoe die geskiedenis van 'n enkele party behandel behoort te word. Dit word in die konteks van die Duitse lewe geplaas en ons sien die sosiaal-ekonomiese basis daarvan. Interessant is die kulturele aktiwiteite van die werkersklas wat van die middestand verskil het. Hulle sport-, musiek- en teateraktiwiteite met 'n ideologiese inslag word o a aangebied, en aangetoon dat daar altyd lojaliteit teenoor die Duitse vaderland was.

F A VAN JAARSVELD  
*Universiteit van Pretoria*

PAUL KENNEDY, *The realities behind diplomacy. Background influences on British external policy 1865-1980*, George Allen & Unwin, London, 1981, 416 pp, R27,05.

Die skrywer is 'n "Reader in History" aan die Universiteit van East Anglia, en het reeds bekend geword vir sy

werk in die veld van strategiese en internasionale geskiedenis. Sy nuwe boek beskou hyself as 'n eksperiment. Die doel is om 'n analise te maak van die diverse kragte wat die buitelandse beleid van Brittanje gedurende die afgelope eeu beïnvloed het. Dit is nie 'n boek oor die "gewone" geskiedenis van die Britse buitelandse beleid nie, waarvan daar baie bestaan, maar vul hulle eerder aan deur die agtergrondinvloed wat die beleid bepaal het, te ontleed. Om dié rede het die boek sowel analities as tematies geword en is dit in vier hoof-chronologiese afdelings verdeel, waarvan elk basies 'n tematiese hoofstuk bevat (strukture en houdinge) wat aan 'n opvolg-hoofstuk verbind is, waarin die vernaamste veranderings in die buitelandse beleid (debatte en politiek) aangetoon word. Die probleem om die analitiese en chronologiese benadering met mekaar te versoen, het hier en daar oorvleueling gebring.

Die eerste afdeling handel oor die diplomatie van imperialism, 1865-1914, die tweede oor die totale oorlog en sy aanslag, 1914-1919, die derde oor die paaipolitiek (appeasement), 1919-1939, en die vierde oor verset en verval, 1939-1980. Die skrywer toon aan hoe Brittanje teen 1865 sy hoogtepunt as grootmoondheid bereik het, wat tegelyk uniek was — 'n klein groep eilandjies was die leidende nasie in die wêreld, magtig, onaanvegbaar en met groot selfvertroue, en tog, 'n eeu later het hy ekonomies, militêr en territoriaal sodanig verswak ("cut down to size") dat hy minder as 'n tweederange moondheid geword het. Die skrywer ontleed die faktore wat hierdie verval bewerkstellig het sowel binne as buite Brittanje, en vind die vernaamste oorsaak in die verband tussen die industriële en finansiële posisie, en sy buitelandse beleid. Intern lees ons van veranderinge wat op diplomate en staatsmanne ingewerk het soos bv partypolitiek, persoonlike mededinging om mag, drukgroepe en koerante, en hoe dit die buitelandse beleid beïnvloed het, asook van ideologiese debatte oor imperiale federasie (toe 'n bewussyn van die verval ingetree het), die Volkebond, passifisme, tevredestelling, anti-kommunisme, die Gemeenskapsmark, die monargie, dominiums, ekonome, kabinetskomitees, ministers van buitelandse sake en verdedigingsexperte.

Dit is 'n leersame boek wat ons 'n breë agtergrond vir die begrip van die buitelandse beleid in 'n veranderde buitelandse posisie gee (die opkoms van ander industriële moondhede byvoorbeeld), maar ook ons eie geskiedenis toelig. Oor die Tweede Vryheidsoorlog lees ons bv op p 47: "The defeats and revelations of incompetence in the Boer War were in a long line of recent shocks to national pride, but they were sufficiently large to propel the 'new' Tories openly to push for reforms." Foutief is sy uitspraak op p 88 oor die afhandeling van sake in Suid-Afrika ná Majuba. Oor die oorlog van 1899-1902 skryf hy: "The South African campaign of 1899-1902 proved to be far longer and more costly than anyone in London had imagined possible" (p 113). Die boek verhelder aspekte van Brittanje se Suid-Afrikaanse politiek wat tot beter begrip van ons eie geskiedenis lei.

Kennedy se studie is in die moderne idioom geskryf in soverre hy historiese strukture en houdinge ontleed, wat herinner aan die moderne Duitse geskiedskrywing sedert Fritz Fischer waarby name soos Klaus Hildebrand, Gustav Schmidt en Rainer Tamchina te pas kom.

F A VAN JAARVELD  
Universiteit van Pretoria

CHARLES E McCLELLAND, *State, Society and University in Germany 1700-1914*, Cambridge, 1980, 381 pp, R37,70.

Prof C E McClelland is 'n Amerikaanse historikus aan die Universiteit van New Mexico, wat op grond van bronnestudie oor die ontwikkeling van die Duitse universiteite gedurende 1700 tot 1914, met 'n stuk opvoedingsgeskiedenis te voorskyn gekom het, wat deur die Duitsers self verwaarloos is. Dit is die eerste keer sedert 1902 dat so 'n omvattende geskiedenis van die Duitse universiteitstelsel in die 18de en 19de eeu onderneem is. In daardie jaar het nl in Berlyn verskyn, Friedrich Paulsen se *Die deutschen Universitäten und das Universitätsstudium*.

Die taak wat McClelland aangedurf het, is geen gemaklike nie. Daar het wel 'n vloed van studies oor individuele Duitse universiteite verskyn, maar die primêre stof lê wyd versprei. Universiteitsargiewe en biblioteke is vir die skrywer opgestel. Hy deel sy werk in vier dele in, nl die 18de eeu se hervormingsbewegings wat die universiteit, 'n lang lewende Middeleeuse instelling, van ondergang gered het, die herstrukturering van die Duitse universiteite in die 19de eeu ná die Franse Rewolusie, wat gekulmineer het in die stigting van die Universiteit van Berlyn in 1810; die opkoms van die navorsingsuniversiteit wat doseringsaspekte aangevul het tussen 1820 en 1860, en die universiteit in die tydperk van die Tweede Duitse Ryk tot 1914.

Die skrywer gaan uit van die standpunt dat van al die universiteite in die Westerse samelewing, die Duitse universiteite die grootste betekenis vir die moderne tyd gehad het. Hulle was die eerste wat onderrig aan navorsing verbind het, waardeur 'n model van die moderne universitêre bedrywigheid geskep is. Aan die begin van die 20ste eeu was die Duitse universitêre stelsel die mees bewonderde in die wêreld, om bv te

dink aan hulle wêreldberoemde professore, wat ontdekkings op die terrein van die natuurwetenskap gedoen het, hulle kritiese opleiding in seminare en institute, akademiese vryheid en hulle biblioteke. Ook in Duitsland het die universiteit 'n belangrike plek beklee. Sowel staat as samelewing het hulle stempel op die universiteite afgedruk. Omgekeerd het die universiteite die staat en samelewing gevorm. Professore en studente voor 1848 was dikwels op die voorfront van opposisie-leierskap. Hulle het 'n belangrike rol in die nasionale lewe gespeel.

Die geskiedenis van tersiêre onderwys help ook om beter begrip van die evolusie van die moderne samelewing te verkry. Die skrywer stel hom ten doel om te verklaar hoe die moderne Duitse universiteitstelsel te voorskyn gekom het deur interaksie tussen die magte van die Duitse staat en samelewing. Die universiteit was sterk verbonde aan die mag van die verskillende state, en later dié staat, asook aan die belange van sosiale groepe, die ekonomie, die burokrasie en die kerk. Vrye tyd en eensaamheid, dit is die kenmerk van die universitêre geleerde wat sy taak ernstig opvat.

Dit is nie moontlik om op al die vrae wat die skrywer stel, te wys nie. Sy hoofprobleem is hoe die politieke en sosiale magte die verandering van die Duitse universitêre stelsel gekondisioneer het.

Dit is 'n leersame boek vir almal wat in die universiteitswese belangstel en 'n goeie voorbeeld van sosiale geskiedskrywing.

F A VAN JAARSVELD  
*Universiteit van Pretoria*

ROY CHURCH (red), *The Dynamics of Victorian Business, Problems and Perspectives to the 1870s*, George Allen & Unwin, London, 1980, 274 pp, R32,00.

Ek het dit voorheen gesê dat Suid-Afrikaanse historici baie oor die benaderingswyse tot en die verloop van die plaaslike verindustrialiseringsproses, na analogie van die Britse industriële revolusie kan leer. Vir enigeen wat in die sosiaal-ekonomiese aspek van ons 20ste eeuse geskiedenis belangstel, sal die werk van R A Church, professor van sosiale en ekonomiese geskiedenis aan die universiteit van East Anglia, handig te pas kom.

Prof R A Church het die inleiding van hierdie kollektiewe werk geskryf, nl die probleme en perspektiewe van die dinamiek van die Victoriaanse sakelewe van 1825 tot 1875. In daardie tydperk het Brittanje bekend gestaan as die werkswinkel van die wêreld. Church en sy medewerkers verskaf nuwe inligting oor die gang van sake-uitbreiding in genoemde periode, 'n tydperk wat deur ekonomiese historici verwaarloos is. Die rede is dat hulle óf die tydperk daarvóór óf dié daarna ontleed het.

Die nuwe boek fokus op die mynbou, konstruksie, handel en spoorwegbou, juis in 'n tyd toe dié Britse bedrywe met buitelandse kompetisie te doen gekry het. Op grond van die bydraes van sy medewerkers soos A J Taylor (steenkool-industrie), P J Riden (staalindustrie), A E Musson (ingenieurswese), A Slaven (skeepsbou-industrie), T R Gourvich (spoorwegonderneming), E W Cooney (die boubedryf), E M Sigworth (die woltekstielbedryf), R B Weir (drankbedryf en -handel) en P L Cottrell (handelsondernemings), het prof Church die gang, aard en oorsake van die sakeuitbreiding geïdentifiseer, en aandag aan uitvindings en vernuwings op die gebied van tegnologie, organisasie en handelsaktiwiteite gegee. Hy het ekonomiese groei ondersoek en die gevolge daarvan vir die nywerheidsstruktuur en ondernemersaktiwiteite in die Britse industriële kapitalisme aangedui.

Deur konvensionele vertolkings van ontwikkeling uit te daag, het Church en sy medewerkers nuwe rigtings vir die ondersoek van sake-geskiedenis geopen. Die boek is 'n insiggewende bydrae tot die tweede en derde kwart van die 19de eeuse industriële kapitalisme, wat toe 'n hoogtepunt bereik het.

F A VAN JAARSVELD  
*Universiteit van Pretoria*

COLIN BENBOW, *Boer prisoners of war in Bermuda*, The Bermuda College, Devonshire, Bermuda, 1982, 126 pp.

Colin Benbow is of British birth and senior lecturer in history in Bermuda, a group of British islands in the North Atlantic Ocean. In 1962 he published a booklet of 82 pages regarding the Boers who were banished to Bermuda during the Anglo-Boer War (1899-1902). This occurred when the prisoner camps in St Helena, Ceylon and British India had been filled. According to Benbow the British government prepared an additional camp on Antigua in the West Indies, because space for camps in Bermuda was limited, but after the peace of Vereeniging on 31 May 1902 Antigua was no longer needed.



After the appearance of his booklet in 1962 Benbow has received much additional data and translations in English. One of his helpers was dr C A R Schulenburg of Pretoria, who found much data and visited Bermuda because his father, August Carl, son of a German missionary in Transvaal, was a prisoner of war in Bermuda. Benbow has now published a second and extended edition of his work with 126 pages. He deals with various aspects of the existence of the prisoners in Bermuda and adds annexures containing interviews with aged ex-prisoners, notes of August Carl Schulenburg and a narrative regarding the phantastic Boer spy, Fritz Duquesne, one of the very few Boers who escaped from Bermuda. The book contains many interesting photographs.

The author states on p 6 that the first ship with Boers, S/S "Armenian," arrived on 26 June 1901 in Bermuda with men of General Andries Cronjé who had surrendered at Paardeberg, according to Benbow. But this is an error, Andries' men were taken prisoner long after the surrender of General Piet Cronjé at Paardeberg. The captives of Paardeberg had by June 1901 been on St Helena more than a year. On p 52 Commandant Van Deventer is mistakenly called Van der Venter.

It attracts the attention that after the peace the prisoners were treated by the Bermudan population to parties and excursions and that the Governor treated the Boer officers officially. This is uncommon with regard to enemies of yesterday, but we should remember that the defeated Boer republics had been annexed by the British Empire and that the Bermudians wished to welcome the Boers as fresh citizens of their Empire.

The second edition contains, like the first one, detailed maps of the islands showing the camps, but lacks a good survey map of the Bermuda archipelago.

Benbow's work is a deserving contribution to the extensive literature regarding the second Anglo-Boer War 1899-1902.

C DE JONG  
*University of South Africa*

P G NEL (red), *Afrikanerkultuur: fondament en vergesig*, U

van Pretoria, 1981, 130 pp, bronnelys.

Hierdie boek bevat nege referate wat in 1979 (die 50-jarige bestaansjaar van die FAK) tydens 'n lesingreeks oor die Afrikaner en sy kultuur by die Universiteit van Pretoria aangebied is. Die akademiese trant van die meeste bydraes en die klein oplaag (750) bring mee dat die boek se onmiddellike trefwydte beperk is. Dit doen egter geensins afbreuk aan die potensiele invloed en belangrikheid van die publikasie nie — die boek is klaarblyklik juis bedoel vir 'n groepie Afrikanerleiers op verskillende terreine wat die boodskap verder moet uitdra.

'n Wye verskeidenheid onderwerpe, onder andere die aard en leemtes van die Afrikanerkultuur, asook die toekomsaak van die Afrikaner op politieke, ekonomiese kulturele, opvoedkundige en kerklike terrein, word in die boek behandel. Om veral in 'n tyd waarin toenemende kritiek van alle kante teen die Afrikaner en sy politieke en kulturele oortuigings instroom, oor hierdie sake te besin, is sekerlik gepas. Ongelukkig gaan die werk mank aan die sprankel van 'n werklike debat wat kon gewees het indien 'n breër spektrum van Afrikanerdenke betrek is. Met enkele uitsonderings eggo die referente, waarvan ses uit die nege van die Universiteit van Pretoria verbonde is, mekaar se kulturele en politieke sentimente, en 'n mens wonder waarom die ander Afrikaanstalige universiteite nie kon saampraat nie. Hoe lyk dit met 'n meningsopname (en dus 'n meer verteenwoordigende resultaat) onder Afrikaners oor 'n wye verskeidenheid van kultuursake? En sou die deelname van andersdenkende Afrikaners nie tot 'n kritiese selfondersoek gelei het nie — of is hulle nie 'Afrikaner' genoeg nie?

Die beeld wat in die meeste hoofstukke van die Afrikaner voorgehou word, is baie positief. Daar word wel gesorg om leemtes in die praktiese uitlewing van die Afrikanerkultuur uit te wys, byvoorbeeld die identiteitsverlies wat met verstedeliking gepaard gaan (Nel) en die leierskapkrisis (Van der Stoep) wat die Afrikaner tans beleef. Daar word egter deurgaans weggeskram van enigiets wat die Afrikaner se selfbeeld kan ondergrawe — moontlik 'n teenreaksie op "al die subtiële kontra-kulturele aanslae" (Nel) teen die Afrikaner en sy kultuur. Oberholzer se uitbeelding van die Afrikaner as Christelik-ingestelde grondleggers van die Christelik-Westerse beskawing aan die suidpunt van Afrika, en as 'n volk wat 'n politieke, kulturele en godsdienstige worstelstryd moes voer ter verwerping en handhawing van 'n eie identiteit, terwyl hy geen bestaansreg gegun word nie, is net té stereotiep en eensydig om waar te wees. Alhoewel die ander referente hul nie tot hierdie uiterstes wend nie, deel feitlik almal sy beskouing van die Afrikaner as "bedreigde spesie" — een van die sentrale temas van die boek.

Die grootste gevaar wat die Afrikaner bedreig, is natuurlik gelykstelling en integrasie van die verskillende rasse- en kultuurgroepe in Suid-Afrika op alle lewensterreine, iets wat deur imperialisme en libe-

ralisme op die Afrikaner afgedwing word (Treurnicht) en wat noodwendig sal lei tot 'n oornam van die regering deur Swartmense (Dreyer) in 'n een-mens-een-stem-verkieping met gevolglike ineenstorting van produksie onder 'n Marxistiese bewind (Lombard) en die skepping van 'n "identiteitlose gryns massa ... (of) kulturele bredie" (Nel) "van suider-Afrikaanse wermenging" (Van der Stoep).

Ewe voorspelbaar is Dreyer se vrees vir en verwerping van onbegrensde vryheid en gevaarlike vryheids-ideologieë soos die Marxisme. Die meerderheid Suid-Afrikanners is dit seker hier met hom eens, maar ook die alternatief wat in die boek aangebied word, naamlik kulturele eksklusiwiteit en strengte rasseseiding, sal nooit as praktiese oplossing vir Suid-Afrika wye aanvaarding geniet nie. Treurnicht se waarskuwing, naamlik dat die Afrikaner hom nie kan isoleer nie, word betekenisloos wanneer daar gelet word op die onverdraagsaamheid wat hy teenoor politieke, kulturele en godsdienstige andersdenkendes openbaar. Hy verwys snedig na "sekere politici" en "politieke fanatici" wat kultuuridentiteit wil afbreek in naam van geen diskriminasie en ter wille van "politieke progressiwiteit" en maak alle kultuur wat nie spruit uit 'n mens-tot-God-geloofsverhouding nie, af as verwerplike "wankultuur" of "ongeloofskultuur." En wanneer Swart en Prinsloo die positiewe uitbouing van die Afrikaanse taal selfs oor die kleurgrens heen bepleit, moet dit beslis nie verwar word met 'n wegbeweeg van kulturele eksklusiwiteit nie!

Ander sake waaroor kommer uitgespreek word, is: die wysiging van onderwysleerplanne om aanstoot te vermy; Afrikanerkunstenars wat hulle nie meer met die Afrikanerkultuur vereenselwig nie (Nel); politieke leiers wat die Afrikanerkultuur afskep (Swart) en aan hul "outokratiese wil" onderwerp sonder oorlegpleging met die kulturele leiers (Nel) en die nuusmedia wat nie genoeg doen om die Afrikanerkultuur te bevorder nie (Swart en Nel). Belangriker nog is die "ontstellende versaking van die Christelike roepingsbewustheid ... (en dus) ontugnetering ... verveling ... en sedelike verval" (Treurnicht) en "geestelike defaïtisme" (Nel) wat kenmerkend is van die "kultuurkrisis" wat die Afrikaner tans beleef. Nie een van die referente steur hul aan 'n ander aspek van die "kultuurkrisis," naamlik die patriotiese, Afrikanertrots, Christen-Afrikanners wat nie kan identifiseer met alles wat die meeste van hierdie referente nastreef nie.

Vrees vir identiteitsverlies is 'n verdere kenmerk van die meerderheid referate, soos byvoorbeeld blyk uit Nel se bekommernis oor die moderne, identiteitlose, massamens; Van der Stoep se beklemtoning van die belangrikheid van opvoeding tot identiteitsbewussyn; Dreyer se verwysing na "histories gevormde identiteit" wat as verduideliking (regverdiging?) dien vir die Afrikaner se vermoë (onwil?) om buite perke te verander en Grové, wat indirek aantoon dat die Afrikaanse letterkunde oor jare 'n eie identiteit ontwikkel het.

In die lig van die boek se titel is besinning oor die Afrikaner se toekomsverwagting en -taak, asook verantwoordelikheid teenoor die nageslag, seker vanselfsprekend. Die "redmiddele" vir die Afrikanerkultuur wat voorgestel word, byvoorbeeld geloof, die korrekte opvoeding en 'n beplande kulturele inspuiting, sal egter hoogstens daardie kultuur verlewendig — sonder veel groter politieke buigbaarheid (wat deur die meeste referente verwerp word) sal die toekoms daarvan nie verseker word nie! Juis teen hierdie agtergrond klink die verdwaalde verwysings na toekomstige samewerking met ander belanghebbende groepe, "billikheid," "betroubaarheid" en "naasteliefde" bloot na mooi woorde wat opsigself nie voldoende is om Afrikaner-geloofwaardigheid te herstel nie.

Ten slotte soek die leser verniet na 'n eerlike en kritiese ondersoek na die rol van die Afrikaanse kerke in die hantering van allerlei vraagstukke in die land en moet maar net weer eens hoor dat die kritiek teen dié kerke blote "vernyn" en "listige vroomheid" (Oberholzer) is. Ook sou 'n algemene historiese oorsig van die Afrikaner se politieke suksesverhaal in die 20ste eeu en die moontlike uitwerking daarvan op kulturele agteruitgang nuttige agtergrond en verklaring gebied het. Dan is daar ook nog Grové se bydrae met lekkerlees-uittreksels uit 'n aantal Afrikaanse gedigte, wat uiteindelik gekelder word deurdat die verhaal van vernuwing in die Afrikaanse poësie nie tot die hede deurgetrek word nie. (Wat van Breytenbach en die talle jonger digters?)

Kortom, *Afrikanerkultuur: fondament en vergesig* bied net nie vir die moderne, denkende Afrikaner rigting nie en kyk in baie opsigte nog in die truspieël vorentoe!

H J LUBBE  
Universiteit van Suid-Afrika

RAY RYAN, *A City that changed its Face*, McKerow Atkins Publishers, Kaapstad, 1981, 110 pp, illus. R22,50.

Ray Ryan het 'n skerp oog vir die veranderings in voorkoms van Kaapstad. As gevolg van ekonomiese ontwikkeling, moderne verkeersvereistes en algemene modernisasie is veel moois vernietig en het die stad inderdaad veel van sy eie oorspronklike karakter verloor. Ryan roep die verlede deur middel van ou foto's op en hy toon aan hoe dit vandag lyk. Ons moet self besluit of ons die modernisering as vooruitgang beskou of nie.

Die meeste veranderings in die stad se aansig het gedurende die afgelope sewentig jaar van 1910 tot

1980 plaasgevind. Baie van die modernisasie, met name die nuwe strandgebied, is uitstekend beplan. Ongetwyfeld maak 'n fris en goed onderhoude toringgebou in sommige gevalle 'n aangenamer indruk as verwaarloosde en bouvallige huise of winkels vlak langsaa. Die hoekige hoë geboue, omring deur blombeddings en grasperke, lyk skoon en prakties en hulle pas in by die moderne samelewing. Niemand gaan na 'n 19de eeuse hospitaal as 'n vinniger genesing moontlik blyk in 'n moderner ingerigte plek nie. Die dubbelpaaiestrek in baie rigtings vanaf die stadsmiddelpunt uit en ons maak veelvuldige gebruik daarvan, dankbaar dat die vroeëre gesukkel om in die binnestad te kom tot die verlede behoort. Maar hoewel alles praktieser en makliker is, bly dit ook koud en 'n sekere geselligheid het verdwyn. Goeie restaurasie kan egter veel verwaarloosing ophef en dit is opvallend hoe 'n mooi outydse gebou soos die Koopmans de Wethuis, die Ou Hooggeregshofgebou, die Burgerweg en 'n pragtige Victoriaanse huis in Langstraat, hul waardigheid en deftigheid teenoor hoë geboue kan handhaaf. Die lig en skadewees in die verskillende seisoene en op verskillende tye van die dag gee sulke historiese geboue 'n sfeer wat nou maar eenmaal by die moderne geboue ontbreek.

Daarby is sommige moderne ontwikkelings afstootlik. Die woonstelle teen die berg, die sg peperpotte, is bv onvergeeflik en ook onnodig. Vir die hoë woonstelgebou by Bloubergstrand was tog sekerlik wel 'n ander oplossing moontlik. Ook die ontwikkeling in die omgewing van die Koopmans de Wethuis gee 'n indruk van kortsigtigheid en onverantwoordelikheid. Laat ons hoop dat dieselfde nie by die ou Lutherse Kerk gedoen word nie. Dit is ironies dat in 1895 party geboue in St Georgestraat verwyder is om 'n beter uitsig op die see te verkry, terwyl vandag van daardie uitsig as gevolg van hoë geboue niks meer te sien is nie.

Modernisasie kan nie teengegaan word nie en niemand sou daarvoor te vinde wees nie. Nogtans sou baie meer verantwoordelikheid van die stadsbestuur, stadsargitek en bouondernemer verwag kon word, en 'n baie beter insig in wat vir bewaring in aanmerking behoort te kom, gewens wees.

Ray Ryan het sy doel bereik nl om die moderne met die verlede te vergelyk en om te trag om 'n juiste ewewig tussen die twee voor te staan. Ondanks die groot aantal pragtige kleurfoto's met kort byskrifte van Ryan self, is dit tog nie sommer net 'n prentjieboek nie. Intendeel, dit laat ons weer terdê besef hoeveel goeie bewaring noodsaaklik is, sodat 'n stad, wat wêreldberoemd is vir sy skoonheid en ligging, nie onherroeplik verniel word nie.

F G E NILANT  
Universiteit van Pretoria

PHYLLIS LEWSEN, *John X Merriman, Paradoxical South African Statesman*, Ad Donker, Johannesburg, 1982, xii + 432 pp, R18,95.

In die sestigerjare het in die Van Riebeeckvereniging-reeks vier bande verskyn met 'n keuse uit die briefwisseling van J X Merriman. Die werk is verrig deur Phyllis Lewsen en omvat 'n magdom van inligting en gegewens op die gebied van Kaapse en Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling en parlementêre gebeure. So 'n bronnepublikasie op sigself bou natuurlik nog nie die persoon en sy tyd op nie en gevolglik het Phyllis Lewsen dit op haar geneem om 'n lewensoorisig van Merriman te skryf. Alhoewel mens sou verwag dat die meeste feite welbekend sou wees, het tog nog blykbaar heelwat meer argiefstukke bekend geword.

Wat hierdie boek natuurlik belangrik maak en 'n noodsaaklike aanvulling op die bronne-uitgawes, is die rangskikking, onderlinge verband en agtergrond van die gebeurtenisse. Dit het 'n briljante stuk werk geword. Merriman was 'n hoogs merkwaardige figuur, in veel opsigte 'n alleenloper wat hom, waar dit sy persoonlike insigte raak, meer as een keer baie eensam moet gevoel het. Dit is egter dikwels die lewenslot van 'n man wat neig tot gemagtigheid en met 'n diep regverdige en menslike benadering. Merriman was nie bereid om toegewings te maak waar dit teen sy gewete ingedruis het nie en sekerlik nie bloot om partybelange te bevorder nie.

Dit was Merriman wat gehelp het om aanvanklik die anneksasie van die diamantvelde by die Kaap te weerhou. Daarteen was hy in 1895 wel 'n sterk voorstander van anneksasie van die huidige Suidwes-Afrika. So het hy in baie ander sake 'n ver vooruitsiende blik gehad en ook moeilikhede aangevoel wat vandag maar al te bekend is. Lank voordat iemand selfs die moontlikheid oorweeg het, het Merriman reeds inligting verkry by 'n vriend in Kanada oor die werking en voor- en nadele van federasie in daardie land en hoe dit in die praktyk werk. Die inligting was nie baie gunstig nie en baie hoë koste was een van die mees deurslaggewende besware. Van toe af was Merriman 'n voorstander van uniewording in Suid-Afrika en hy het nooit opgehou om hierdie doel na te strew nie. Hierdie moeisame strew het egter altyd op die agtergrond gebly en hy het nooit enige erkenning of waardering daarvoor ontvang nie. Sy insig in finansies was wisselvallig.

Hoewel hy nouliks veel sukses met die beheer van sy persoonlike finansiële aangeleenthede kon toon, was Merriman 'n meester in die hantering van landsgeldsake van die Kaap. Sy beleid was om duur staatskulde af te los en die begroting te laat kloep. Soos verwag kon word het dit dikwels tot pynlike maatreëls

aanleiding gegee wat sekerlik nie sy persoonlike populariteit bevorder het nie. Maar uiteindelik kon niemand ontken dat sy beleid vrugte afgewerp het nie. 'n Benarde finansiële toestand van die Kaap in die eerste jare van die eeu het Merriman binne 'n paar jaar omgesit na 'n gesonde en vertroue-wekkende begroting. Hiermee het hy die moontlikheid tot unifikasie aansienlik bevorder omdat niemand sou wil saamgaan met 'n gebied wat op die rand van bankrotskap gestaan het nie. Die later gesonder finansiële grondslag het die Kaap daarenteen in 'n baie sterker posisie geplaas by die onderhandelings wat ten slotte tot unifikasie sou lei. Vir Merriman was dit geen geringe prestasie nie. Maar die moontlikhede van die goudmynontwikkeling in die Transvaal het hy nie altyd ingesien nie.

'n Figuur soos Rhodes het Merriman met argwaan vervul, veral waar daar sprake was van ontwikkeling van die Noorde. Hy het ook nie saamgestem met die Kaapse spoorwegpolitiek nie en hy was van mening dat president Kruger die volste reg op 'n spoorwegverbinding met Delagoabaai gehad het. Lank voor die tyd het hy reeds die driewe-kwessie voorspel.

Vir 'n man met sy ideale was die Jameson-inval afskuwelik en dit het hom met groot kommer vervul. Dit was Merriman wat die eerste aanloop tot die besprekings tussen Kruger en Milner in Bloemfontein voorberei het. Na afloop van die besprekings het Merriman egter besef dat oorlog onvermydelik was. Nogtans het hy al sy kragte ingespan om dit te probeer voorkom. Sy pro-Boer en veral anti-Milner houding gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het hom herhaaldelik gramskap van Britse kant laat ondervind en sy lewe gedurende die tyd was allermens gemaklik. Oor beginselsake het hy nooit kompromieë aangegaan nie en met 'n meer aanpasbare karakter sou ons geen Merriman gehad het, soos hy vandag in die geskiedenis uitstaan nie.

Gedurende die na-oorlogse periode het Merriman alles in die werk gestel om meer eenheid te bewerkstellig tussen die verskillende gebiede in Suid-Afrika en 'n beter verhouding nagestrewre tussen Suid-Afrika en Engeland. Na sy jarelange strewe vir groter eenheid sou hy baie graag Eerste Minister in 1910 wou geword het. Nadat Botha dit egter geword het, was die houding van Merriman teenoor Botha grootmoedig en verstandig. Min sou hierdie voorbeeld kon volg!

By al sy werk het Merriman hom met baie kleiner dinge besig hou: hy het help stry teen silicosis en tuberkulose; hy het 'n hulpaksie vir Belgiese vlugteling begin tydens die Eerste Wêreldoorlog; hy was ook een van die oprigters en die eerste president van die Van Riebeeck-vereniging.

Dit is opvallend hoe ook in hierdie boek die persoon van president Steyn weer as 'n groot en leidende figuur na vore tree. Merriman het groot eerbied en waardering gevoel vir president Steyn en hulle was mense wat uitstekend by mekaar aangepas het.

Afgesien van die groot historiese waarde, is hierdie lewensoorisig van J X Merriman 'n baie bevreemdende boek. Hy het natuurlik nie altyd alles juis ingesien of voorspel nie en Phyllis Lewsen dui herhaaldelik sulke verkeerde oordele aan. Agteraf is dit natuurlik maklik om 'n oordeel uit te spreek. Dit is egter opvallend in hoeveel gevalle Merriman, dikwels in teenstelling met sy tydgenote, sake wel reg ingesien het. Ons eie tyd is dikwels 'n bevestiging van sy ver vooruitsiens blik. As voorbeeld van geskiedskrywing is hierdie boek niks minder as 'n meesterwerk nie, waarvan elke kenner van Suid-Afrikaanse geskiedenis behoort kennis te neem.

F G E NILANT  
Universiteit van Pretoria

RACHEL BARKER, *Conscience, Government and War. Conscientious objection in Great Britain 1939-45*, Routledge, and Kegan Paul, London, Boston en Henley, 1982, sagteband, 174 pp, bylaes, bibliografie, index, R20,95.

Die verhouding tussen individu en staat in oorlogstyd is 'n saak van toenemende kontemporêre belang. Barker se studie oor diensweiering in Brittanje tydens die Tweede Wêreldoorlog open 'n insiggewende nuwe historiese gesigspunt op dié kwessie.

Alhoewel baie oor diensweiering in Brittanje tydens die Eerste Wêreldoorlog geskryf is, was Denis Hayes se *Challenge of Conscience*, London, 1949, tot hier toe die enigste studie wat hierdie onderwerp t o v die Tweede Wêreldoorlog omvattend nagevors het. Die oorwegende aandag wat daar in die navorsing oor diensweiering aan die Eerste Wêreldoorlog geskenk is, is verklaarbaar in terme van die betreklik onlangse vrystelling van regeringsdokumente oor die Tweede Wêreldoorlog, die nuwigheid van dienspilig en diensweiering in 1916 en die dramatiese verloop wat die verhaal van diensweiering in die Eerste Wêreldoorlog gehad het. Lg was die direkte gevolg van die wanadministrasie van die gewetenskousule wat in die Military Training Act van 1916 ingesluit is. Dit is die doel van Barker se studie, gebaseer op 'n gelyknamige proefskrif waarmee sy in 1978 haar PhD aan Cambridge verwerf het, om vas te stel in hoeverre die Britse regering geslaag het in sy uitgesproke strewe om die foute van 1916-19 reg te stel en om sodoende die wanpraktyke en

onreg van destyds uit te skakel. Volgens die outeur is dit nodig om die tema opnuut in 'n onbevangende gees na te vors omdat Hayes se baanbrekerswerk, o a vanweë sy noue verbintenis met die Central Board of Conscientious Objectors (CBCO) en die feit dat dit so kort na die oorlog geskryf is, aan die nodige objektiwiteit en distansie ontbreek.

In sewe afgeronde hoofstukke behandel Barker eerstens die pasifistiese beweging tydens die *interbellum* en die instelling van diensplig. Sy verduidelik breedvoerig hoe die tribunale vir diensweieraars gefunksioneer het (2) en takseer die gehalte van die werk wat hulle geleë het (3). Voorts vertel sy onderhoudend van die ondervindinge van diensweieraars in die openbare en private sektore van die siviele lewe (4) en hoe hulle in die weeromag en in die gevangenis gevaar het (6). Sy ondersoek ook die houdings van die tribunaallede, werkgewers en van die res van die bevolking jeens diensweieraars, asook die vraag hoe gesindhede deur die leiding van die regering beïnvloed is (5). Ten slotte beoordeel sy die bydrae van die vernaamste vrywillige organisasies wat na die belange van diensweieraars omgesien het (7). In 'n kort inleiding en slot situeer sy haar bevindinge in 'n breër teoretiese en politiek-historiese raamwerk onderskeidelik.

Die vernaamste van hierdie bevindinge het te make met die *aard* van diensweiering, die *gronde* waarop gewetensbesware teen diensplig gehandhaaf is, die *administrasie* van die gewetensklausule en die tipe van *vrystelling* wat aan diensweieraars verleen is.

Barker beklemtoon deurgaans die *individuele* aard van diensweiering. Daardeur grens sy gewetensbeswaar teen diensplig skerp af van pasifisme. Dit blyk uit haar studie dat daar voor en tydens die oorlog heelwat verwarring rondom hierdie begrippe geheers het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die bekende filosoof G C Field se *Pacifism and Conscientious Objection* (Cambridge, 1945) waarin diensweiering en pasifisme as sinonieme beskou word. Dit is 'n fout. "Pasifisme" is die leerstelling dat die afskaffing van oorlog sowel wenslik as moontlik is. "Diensweiering," daarenteen, is 'n term wat verwys na 'n individuele beswaar wat deur die staat as gewetensvol aanvaar word ten aansien van die hele oorlogspoging of 'n aspek daarvan. Streng genome is 'n diensweieraar bloot die status wat die staat aan 'n gewetensbeswaarde individu toeken wanneer diensplig van krag is. Volgens hierdie onderskeiding sou 'n diensweieraar dus sy beswaar teen diensplig op pasifistiese leerstellings kon baseer, maar is pasifisme nie noodwendig die enigste grond vir diensweiering nie. Die ware, individuele aard van diensweiering kom hierdeur duidelik na vore. Dit is belangrik, omdat Barker se studie aantoon dat diensweieraars teen verskillende aspekte van die oorlog gewetensbesware gehad het en 'n verskeidenheid van dikwels uiteenlopende redes vir hulle besware aangebied het. Juis omdat dit by diensweiering om 'n gewetenssaak gaan, is dit volgens die skryfster 'n fundamentele mistaging om die diversiteit van diensweiering ten gunste van 'n makliker hanteerbare uniformiteit te ignoreer.

Barker se ondersoek bring aan die lig dat dit veral op *godsdienstige* gronde is wat aan diensweieraars een of ander vorm van vrystelling verleen is. Die gronde waarop en die prosedure waarvolgens die tribunale vir diensweieraars besware as gewetensbesware geïdentifiseer het, het 'n sentrale rol in die administrasie van die gewetensklausule gespeel. In terme van die onderskeiding tussen dit wat sy die "tradisionele" en die "kritiese" gewete noem, toon die skryfster aan dat besware wat op oorgelewerde religieuse en groepsnorme gebaseer is, meer gereedlik as gewetensbesware aanvaar is as suiwer redelik verantwoorde morele, politieke of humanitêre besware. Dit blyk dat die tribunale veral 'n duidelike voorkeur gehad het vir aansoekers wat reeds jare lank 'n lid van 'n pasifistiese godsdienstige organisasie soos die Kwakers of die Jehovahsgetuies was. Diegene, daarenteen, wat hul standpunt individueel uitgemaak het deur 'n rasionele ontleding van die morele implikasies van diensplig het dit veel moeiliker gevind om tribunaallede daarvan te oortuig dat hul besware op gewetensgronde berus. Trouens, diensweieraars wat spesifiek teen die oorlog van 1939-45 beswaar gehad het, is aanvanklik glad nie vrygestel nie. Die prosedure wat tribunaallede gevolg het om gewetensbesware te onderskei van bv 'n blote afkeer van geweld, was om die opregtheid van die aansoeker tydens 'n onderhoud dmv 'n reeks indringende vrae te probeer peil. Indien die aansoeker opreg voorkom, dws klaarblyklik eerlik oortuig is in die korrektheid van sy standpunt, moes hiervolgens aanvaar word dat sy beswaar 'n gewetensbeswaar is. Hierdie prosedure het ooglopende gebreke gehad wat verband hou met die feit dat te veel klem op die persoonlikheid van die aansoeker geplaas is ipv op die gefundeerdheid van sy besware. Aangesien "gewete" egter nie direk getoets kan word nie, was dit die enigste bruikbare metode en volgens Barker het dit in die praktyk redelik goed gewerk.

Die outeur skryf die effektiewe en billike administrasie van die gewetensklausule hoofsaaklik daaraan toe dat diensweiering uit en uit as 'n *siviele* aangeleentheid gehanteer is. In 1939 was die Britse regering in die gelukkige posisie om uit die foute van die Eerste Wêreldoorlog te kon leer. Verreweg die ernstigste van dié foute, aldus Barker, was om die weeromag by die administrasie van die gewetensklausule te betrek. In 1939 is hierdie verantwoordelikheid van die begin af aan die ministerie van Arbeid opgedra. Die ongelukkige verbintenis tussen die militêre en diensweieraars gedurende die Eerste Wêreldoorlog is by uitstek weerspieël in die twyfelagtige werk van die tribunale wat onder die regstreekse gesag van die Ministerie van Oorlog gerestoreer het. In die oorspronklike wetgewing van 1939 is daarom noukeurige administratiewe sorg bestee aan die funksionering van die tribunale. Volgens die bepalinge van die wet het die 2 appèl- en 16 plaaslike tribunale regterlike status ontvang en is aan hulle nie-militêre personeel toegeken. Die voorsitters

was almal regters en die meerderheid van die ander lede is ook uit die regsprofessie getrek. Aansoekers was toegelaat om regsverteenwoordigers te hê. Ondanks enkele, geïsoleerde gevalle van intimidasie, konkludeer Barker dat die stelsel van siviele tribunale, binne die beperkinge van die sisteem, effektief en onpartydig geopereer het. Origens is die billike administrasie van die gewetensklausule volgens haar grootliks bevorder deur die belangrike bemiddelende rol wat die CBCO tussen diensweieraars en die regering gespeel het. Dit het daartoe bygedra dat die aanvanklike agterdog aan beide kante spoedig oorwin en 'n gees van welwillende samewerking geskep is.

Dit blyk laastens dat *voorwaardelike* vrystelling die mees algemene vorm van vrystelling is wat verleen is. Onvoorwaardelike vrystelling is alleen aan 6,3% van die bykans 60 000 geregistreerde diensweieraars (wat nagenoeg 1,2% van die totaal van 5 miljoen opgeroepte dienspligtiges uitgemaak het) verleen. Die basiese alternatief was gevolglik tussen toetredende tot die weermag in 'n nie-vegterende hoedanigheid (40%) en voorwaardelike vrystelling (53,7%). Aangesien dit maar moeilik was om voldoende en geskikte nie-vegterende werk te vind, was die tribunale later van tyd meer geneig om vrystelling te verleen op voorwaarde dat die aansoeker siviele werk van "nasionale belang" onder siviele toesig verrig. Volgens Barker het sowel die tribunale as die diensweieraars probleme ondervind om hierdie stipulasie te interpreteer en om dit na te kom. Eerstens was daar, veral in die landbou, 'n ongelyke verspreiding van werksgeleenthede. Tweedens was diensweieraars dikwels nie toegerus vir die werk wat aan hulle toegesê is nie. Hierdie probleem is later gedeeltelik opgelos deur diensweieraars in hul beroepe te hou en van hulle eerder verpligte bykomende werk in hulle vrye tyd te vereis. Derdens was daar die kwessie van vooroordeel teen die indiensneming van diensweieraars, o a vanweë teenkanting van die vakbonde. Die diskriminasie waaraan diensweieraars aanvanklik onderwerp is — ongeveer 65% van die graafskaps- en stadsrade het diensweieraars summier afdedank — het teen die einde van 1941 begin afneem danksy die bemoeiing van die regering en 'n groter aanvraag vir werk. Minder as 10% van alle diensweieraars het gedurende die oorlog straf in 'n siviele of militêre gevangenis uitgedien as gevolg van hul oortuigings.

Barker maak geen geheim daarvan sy die Britse hantering van die netelige kwessie van diensweiering gedurende die Tweede Wêreldoorlog as 'n navolgingswaardige voorbeeld beskou nie. Terwyl Brittanje self nie langer verplig is om 'n beleid vir diensweiering te hê nie, aangesien diensplig nie langer van krag is nie, is hierdie saak vir baie ander lande van besonder aktuele belang. Een van hierdie lande is die RSA waar die voorsiening van diensweiering, gemeet aan die standaard wat Brittanje in 1939-45 gestel het, uiters beperk is — afgesien daarvan dat die wetgewers duidelik nie die belangrike historiese lesse uit die Britse ervaring gedurende twee wêreldoorloë geleer het nie. Gesien teen die agtergrond van die aangroeiende debat oor individuele gewetensvryheid en die regverdiging van burgerlike ongehoorsaamheid in 'n demokratiese staat, is dit te hope dat Barker se studie nie net diensweieraars en historici van die Tweede Wêreldoorlog sal interesseer nie. Dit is sterk aanbevole leesstof vir almal — teoloë en kerkleiers, politici en militêre, sosiaal-wetenskaplikes en filosowe — wat in die komende jare toenemend deur omstandighede gedwing gaan word om hulle intensief met die juridiese, politieke, militêre en morele gesigspunte van diensplig en diensweiering besig te hou.

Die skryfster het haar onderwerp deeglik nagevors en dra haar bevindinge oortuigend oor. Die voortreflike dokumentasie berus feitlik uitsluitlik op primêre bronne. Die drie bylaes sluit o a 15 pp statistiek in.

J M KIRSTEN  
Universiteit van Port Elizabeth